# Zwingli en Leo Jud se Zürichse Doopformulier*

JGM Storm

**Abstract**

**The Zurich Baptismal Formulary of Zwingli and Leo Jud**

The author expands on Zwingli and Leo Jud's Zurich order of baptism now to be discussed. The sacrament of baptism does not ensure salvation for the pious. All sinners can only be saved by the grace of God. The baptismal ceremony does not entitle the cleansing of sin. It promises the baptized that he is the property of the Lord. Baptism is the sign to show that we are saved from sin by the grace of God. The children of believing Christians can therefore receive baptism as a sign of salvation as children of God, exactly like the children in the time of the Old Testament. They form part of a covenant. In the time of the Old Testament it was known as circumcision – today it is known as baptism.

## 1. BIOGRAFIESE BESONDERHEDE OOR LEO JUD

Op 10 Augustus 1523 het die bekende Switserse Hervormer, Huldrich Zwingli, die doop bedien in die Grozzmünsterkerk te Zürich. Wat hierdie geleentheid geskiedkundig gemaak het, was die feit dat by hierdie doopbediening gebruik gemaak is van 'n formulier wat spesifiek in die gees van die Hervorming vir die hervorminggesindes te Zürich geformuleer is. Interessant genoeg is die formulier nie deur Zwingli self opgestel nie, maar deur 'n redelik onbekende persoon met die naam van Leo Jud (Schmidt-Clausing 1965: 58).

Leo Jud, ook genoem Juda of Judae, is in 1482 uit 'n Joodse geslag te Elsas gebore (Miller [sa]: 746). 'n Tyd lank studeer hy te Schlestadt, maar vanaf 1505 studeer hy as medestudent van Zwingli te Basel onder die bekende prof Wyttenbach. Na sy studie werk hy in die gemeente van St Theodorus waarna hy vir Zwingli in Einsiedeln vanaf 1518 opvolg. Vanaf 1523 staan hy Zwingli met die Hervorming in Zürich by. Dit was juis in hierdie tyd, terwyl Zwingli druk besig was met die opbou en die organisering van die Hervorming in Zürich, dat hy Jud

* Referaat gelewer voor die Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk op 20 November 1984.

belas het met die opstel van die formuliere vir doop, die huwelik en begrafnisse (Bakhuizen van den Brink 1967: 69).

Omdat Jud in die skaduwee van Zwingli gewerk het, is hy relatief onbekend. Tog het hy bydraes gelewer wat vir die Hervorming belangrik was. Nie alleen was hy 'n kragtige prediker nie, maar het hy ook verskillende vertalings in Duits die lig laat sien, onder andere van verskillende werke van Augustinus, Thomas a'Kempis en 'n parafrase-vertaling van 'n teks van die Nuwe Testament wat deur Erasmus opgestel is. Verder het hy 'n leidende rol in die vertaling van die Bybel in Duits vervul en is hy ook die skepper van die hervormde telling van die Tien Gebooie (Bakhuizen van den Brink 1967: 69). Prominent was sy optrede tydens die Tweede Godsdiensgesprek te Zürich waar hy die voorstanders van beelde, relikwieë en beeldediens vanuit die Woord van God weerlê het. Dit is daarom nie vreemd dat die 'beeldestorming' van 1 September 1523 na aanleiding van 'n preek van Jud plaasgevind het nie. Leo Jud is in 1542 oorlede.

## 2. DIE AANDEEL VAN ZWINGLI

Die aandeel van Zwingli is 'n saak wat baie moeilik bepaal kan word. Tog is dit duidelik dat die 'voorrede' of 'inleiding' tot die formulier uit die hand van Zwingli kom. Die ooreenkomste met Zwingli se werk: *Von dem Touff, vom Widertouff und vom Kindertouff* is te opvallend om toevallig te wees. By die nagaan daarvan is dit duidelik dat die teologie wat daar ingebou is as 't ware vir Zwingli aan die woord stel. Dit is egter nie vreemd as in gedagte gehou word dat hierdie formulier net na die Eerste Godsdiensgesprek te Zürich in Januarie 1523 opgestel is nie. Vir hierdie godsdiensgesprek het Zwingli en sy medewerkers, van wie Judd een was, 67 *Schlussreden* opgestel. As noue medewerker van Zwingli sou Jud waarskynlik nie net met Zwingli hierdie formulier beredeneer het nie, maar sou hy waarskynlik ook gebruik gemaak het van die inhoud van die *Schlussreden*. Zwingli self, as 'Hervormer van Switserland' sou seker later aan die formulier veranderinge aangebring het. Aan die ander kant moet 'n mens ook waak om in die lig van ons kennis van Zwingli se latere teologie te veel van dié teologie in hierdie vroeë doopformulier te wil inlees.

## 3. ENKELE OPMERKINGS OOR DIE FORMULIER

Hierdie formulier is waarskynlik nie die oorspronklike van 1523 nie. Die voorrede is beslis 'n latere byvoeging. Moontlik stam die formulier

uit 1525. Hierdie afleiding word na aanleiding van die verwysing na die 'Wederdopers' in hierdie formulier gemaak. Alhoewel die stryd oor die doop en wederdoop reeds in 1524 hewig was, vind die eerste wederdoop van Blaurock op 21 Januarie 1525 plaas en word die benaming 'wederdoper' eers in Mei 1525 deur Zwingli gebruik.

## 4. DIE FORMULIER EN DIE VORM WAARVOLGENS DIE DOOP BEDIEN WORD*

### Oor die doop in die algemeen

Geen bestaande werklikheid of offer in ons wêreld kan die mens van sonde reinig nie, slegs die genade van God.

Die definitiewe gevolg hiervan is dat die doop nie die sonde afwas nie. Terwyl die doop nie afwassing van sonde is nie, maar tog deur God beveel word, blyk dit slegs 'n openlike pligsteken ('Pflichtzeichen') van God se volk te wees.

### Oor die kinderdoop

Die kind van Christelike ouers is op geen wyse minder kind van God as die ouers self nie, soos dit eweneens ook die geval in die Ou Testament was. Aangesien hulle dus nou reeds aan God behoort, wie sou hulle van die waterdoop weerhou? In die Ou Testament is die besnydenis die teken wat die doop vir ons nou is. Soos dit toe aan kinders gegee is, so moet die doop nou aan kinders bedien word.

### Oor die wederdoop

Die wederdoop word in God se Woord nie geleer nie; nog is daar 'n bewysplek en bewys daarvan. Dus, dié wat hulle laat 'weerdoop', kruisig weer vir Christus. Hierdie optrede is gegrond òf in eiesinnigheid òf in die verleiding van 'n nuwigheid.

Mag herdie redenasie, as dit die wil van God is, so helder en duidelik spreek dat niemand daarteen in opstand kom nie. (As iemand dit wil teëspreek, moet hy daarop bedag wees dat ek hierdie dwaling, solank as ek lewe, sal teenstaan.) Dit is omdat die kinderdoop tot die beswil van die Christelike volk dien. Die kinderdoop kan net voordelig wees ... en noodsaak beslis nie die wederdoop nie.

*Kyk Pfister (1948: 150–155).

**Die vorm wat die doopbediening aanneem.**

Die leraar begin deur te sê:
In die Naam van God, Amen. 'Ons hulp is in die Naam van die Here wat hemel en aarde geskape het.'

Nou word die ouers gevra:
Begeer u dat u kind gedoop word met die doop van ons Here Jesus Christus?

Die ouers antwoord:
Ja.

Die priester vra nou:
Wat is die kind se naam?

Die ouers antwoord:
(Naam).

Priester:
Kom laat ons almal saam soos volg tot God bid:
Almagtige, ewige God, U het in u strenge oordeel die ongelowige en onboetvaardige wêreld met die sondvloed verdelg, maar die gelowige Noag met sy gesin deur u groot barmhartigheid behoue laat bly. U het die verharde Farao en al sy manne in die Rooi See laat verdrink, maar u volk Israel op droë grond laat deurtrek – hierin het U ons 'n heenwysing na die doop gegee. Ons bid dat U deur u grondelose barmhartigheid en oorvloedige genade hierdie kind (naam) sal aansien en hom deur u Heilige Gees die lig van die geloof in sy hart sal gee sodat sy sondes vergewe kan word; dat hy saam met U deur die doop in die dood begrawe word en saam met U sal opstaan in 'n nuwe lewe. Gee dat hy sy kruis daagliks blymoedig sal dra en U sal aanhang met 'n opregte geloof, vaste hoop en vurige liefde, totdat hy eindelik hierdie lewe – wat onvermydelik op die dood uitloop – om u ontwil getroos verlaat en by die wederkoms sonder vrees voor die regterstoel van Christus, u Seun, verskyn. Dit bid ons van U deur Hom, ons Here Jesus Christus, u Seun, wat saam met U en die Heilige Gees die een en enige God is wat tot in ewigheid leef en regeer. Amen!

Die leraar sê nou:
Die Here is met u.

Antwoord van doopouers.
En met u.

Die leraar:
Wat hierna volg, is opgeteken in die Evangelie van Markus, hoofstuk 10.

Die doopouers:
Loof die Here!

Die leraar:
Die mense het kindertjies na Hom gebring dat Hy hulle moes aanraak. Sy dissipels het met hulle daaroor geraas. Maar toe Jesus dit sien was Hy verontwaardig en het Hy vir hulle gesê: 'Laat die kindertjies na my toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle. Dit verseker ek julle: Wie die Koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie.' Hy het sy arms om die kindertjies gesit, hulle die hande opgelê en hulle geseën.

Die leraar neem nou die kind en vra aan die doopouers:
Begeer u dat u kind gedoop moet word?

Doopouers:
Ja.

Leraar:
Wat is sy naam?

Ouers:
(Naam).

Leraar:
Naam, ek doop jou in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees.

Hierna sê die leraar:
God verleen aan jou dat jy, soos wat jy nou met hierdie wit kleed lieflik beklee is, ook by die wederkoms voor Hom met 'n onbevlekte gewete sal verskyn. Amen. Die Here is met u; gaan in vrede.

Die leraar spreek verder met almal teenwoordig:
Laat niemand julle verwar deur te sê: As iemand kinders doop, is dit vir hulle tot geen nut nie. Dan onderwerp ons ons nie aan die Woord van God nie. Want wie hieroor 'n ware uitspraak op grond van God se Woord wil maak, moet kyk na wat Christus gedoen het. Hy het die kinders na hom laat kom, sy hande op hulle gelê en hulle geseën. Daarom vermaan ek almal wat die dood van ons Heer Jesus Christus bely; Die kinderdoop behoort geen stryd te ontketen nie. Soos Paulus

ook sê (1 Kor 8: 8): 'Voedsel bring ons nie nader aan God nie; want as ons eet, het ons geen oorvloed nie, en as ons nie eet nie, ly ons geen gebrek nie.' Die doop maak ons nie beter nie, waarom sal ons dus stry? In elk geval kan ons ook nie sê dat ons na die wederdoop beter is nie. Die verwagtinge, soos wat ons in die verlede aan die kinderdoop gekry het, is geen valse verwagtinge nie. Laat ons dus, wat die doop betref, eerder op die dinge let wat vrede en eenheid bring en laat ons nie die nuutmakende Woord van God met twis verlore laat gaan nie.

God gee ons sy Gees en genade. Amen!

## 5. KOMMENTAAR

### 5.1 Die vorm

Die formulier bestaan uit 'n kort inleiding waarin enkele sake met betrekking tot die doop in die algemeen, die kinderdoop en die wederdoop bespreek word. Daarna volg 'n 'lewendige liturgie' met 'n tiental vrae waarin die leraar en die doopouers betrokke is. Enkele Roomse reste is nog sigbaar, soos blyk uit die feit dat leraar soms as priester aangespreek word.

Interessant is die feit dat die formuliergebed wat voor die bediening van die doop gebid word, dieselfde is as wat ons Kerk vandag nog gebruik wanneer die doop bedien word.

Die formulier sluit af met 'n vermanende woord waarin die kerkgangers tot eenheid en berusting in die oorgelewerde leer van die kerk van die Hervorming oor die doop opgeroep word.

'n Opvallende tekortkoming is dat geeneen van die vrae die geloof of die belydenis van die ouers beproef, vasstel of wil toets nie. Ook is daar geen vraag wat die ouers verbind om die kinders 'n Christelike opvoeding te gee nie. Hoogstens word daar in die gebed die bede en hoop uitgespreek en met die verwysing na die 'Pflichtzeichen' gesuggereer dat die doop 'n bepaalde lewensgedrag in die lewe van die dopeling sal meebring. 'n Verdere saak is die feit dat 'n behoorlike teologiese begronding wat 'n mens in die formulier sou verwag en waaraan 'n mens in ons formulier gewoond is, hier nog kortkom. Nieteenstaande hierdie onvolledighede is die formulier baie belangrik, want hier is 'n begin gemaak om die leer van die Hervorming vas te lê en die godsdiensoefening te orden.

## 5.2 Die inhoud

### 5.2.1 Die voorrede of inleiding

Die volgende opmerkings lyk vir my geldig:
Die uitgangspunt by die opstel van die formulier is baie duidelik, naamlik dat die doop nie 'n voorwaarde vir saligheid is nie. Die sakrament is nie 'n middel waardeur die gelowige genade of vergiffenis van sonde ontvang nie. Die sakrament self deel geen heil aan die gelowige uit nie. Die sondige mens kan alleen deur die genade van God gered word. Terwyl daar in die doop dus geen sprake van die afwassing van sonde is nie, moet die doop 'n teken van iets anders wees. Dit is 'n uiterlike merkteken, 'n 'Pflichtzeichen', dat die gedoopte eiendom van God is. Die doop is die eiendomsmerk van God wat ons dra. Die doop het dus nie met die werklike redding van die mens en die afwassing van sondes te doen nie. Dit is die teken dat ons gered is, oftewel dat die genade van God ons deelagtig geword het. (Hier is 'n wesenlike verskilpunt tussen die Switserse Hervormers en Luther. Die kinders mag gedoop word omdat hulle deur Christus se offerhande van die erfsonde bevry is en dus deel kry aan die genade van God. Volgens Luther moet die kinders gedoop word sodat hulle van die erfsonde bevry kan word.)

Die doop is egter meer as net 'n inlywing of 'n eiendomsmerk van God. In sy *Von dem Touff, vom Widertouff und vom Kindertouff* stel Zwingli in 1525 dat die ingelyfde 'n sekere verpligting na sy inlywing in God se volk het. Na sy doop is die gedoopte verplig om na die wil van God te kom vra, na sy Woord te kom luister, sy ordinansies te leer en daarna te lewe. As 'Pflichtzeichen' is die doop dus nie net eiendomsmerk van God se volk nie, maar is die doop 'n teken van 'n bepaalde verpligting teenoor Christus: Dit is 'n aanduiding daarvan dat die dopeling die verpligting aanvaar het dat hy 'n Christelike lewe sal lei.

So is die kinderdoop vir Zwingli 'n 'openbare versekering' dat die kind 'n Christelike opvoeding sal ontvang en ag hy waarskynlik dit nie nodig om in die formulier self sodanige vrae aan die ouers in te voeg en te laat vra nie.

Alhoewel hier nog nie sprake van 'n uitgewerkte 'verbondsteologie' is nie, lê die wortels daarvan reeds hier opgesluit. Hier word byvoorbeeld na analogie van die besnydenis, die doop as teken van die opname in die verbond gesien. Dit kan gestel word omdat die kind van die Christengelowige op geen wyse minder kind van God is as wat die kinders van die Ou-Testamentiese gelowiges kinders van God was nie.

Net soos in die Ou Testament, so kan ons redeneer, die besnydenis nie bygedra het tot die genade en redding van die persoon wat dit ontvang het nie, maar dit alleen 'n teken was, so wil die doop slegs getuig dat die dopeling die genade van God deelagtig geword het en daarom kan die kinders die doop, net soos hulle ouers, as 'n teken van die genade ontvang.

Met Zwingli se sterk beklemtoning van die eenheid van die Ou Testament en Nuwe Testament en die eenheid van die genadeverbond beroep Zwingli hom op Romeine 4:1, 1 Korintiërs 10 en Kolossense 2:11 dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het en dat die kinders as verbondskinders gedoop moet word. Die doop is vir Zwingli 'n teken van die hernuwing van alle mense van God se verbond met Abraham en daarom is die doop die teken van die toelating tot die Christelike geloofsgemeenskap en verbondsvolk. Hier is egter nog nie sprake van 'n uitgewerkte verbondsteologie nie. Hoogstens word dit gesuggereer. Die volledige verbondsteologie sou deur Zwingli se opvolger, Heinrich Bullinger, uitgewerk word (Pont 1984: 68).

Baie duidelik word ook verklaar dat daar vir die wederdoop geen bewysplaas in die Skrif is nie. Daarom, die persoon wat hom/haar laat 'wederdoop' kruisig vir Jesus Christus. Hierdie uitspraak hang waarskynlik saam met die siening dat die Wederdopers van die doop 'n geloof- en 'n belydenissaak gemaak het.

Deur dit te doen verval hulle in 'n nuwe sakramentalisme en wettisisme, wat soos by die Roomse Kerk en by die Joodse volk van ouds 'n vorm van werkheiligheid aanneem. Hierdie werkheiligheid maak Jesus Christus se soenoffer oorbodig. Daardeur toon die Wederdopers dat hulle die evangelie nie reg verstaan nie. Immers as 'n mens se verlossing afhanklik gemaak word van die manier en aard van die doop, dan word die beginsel van verlossing deur geloof in Jesus Christus alléén aangetas; dan word die weerdoop 'n verloëning van die enige offerande en lyde van Jesus Christus.

### 5.2.2 Die gebed

Die onderdeel van die gebed wat lui 'Ons bid dat U deur u ... genade hierdie kind sal aansien en hom deur u Heilige gees die lig van die geloof in sy hart sal gee sodat sy sondes vergewe kan word; dat hy saam met U deur die doop in die dood begrawe word en saam met U sal opstaan in 'n nuwe lewe' is myns insiens baie belangrik. Hier kom die verskil tussen die Roomse Kerk en Luther aan die een kant teenoor

die Switserse Hervormers aan die ander kant duidelik na vore. Vir Jud en Zwingli gaan dit in die sakramente nie om die transubstansiasie van die element in die sakrament nie, maar om die transubstansiasie van die mens wat die sakrament ontvang. Anders gestel: Dit gaan om die volkome vernuwing van die mens deur die Heilige Gees. Zwingli formuleer dit in Stelling 13 van sy *Schlussreden* soos volg: 'Wo denn geloset wirt, erlernet man luter und clarich den willen Gottes, und wirt der Mensch durch sinen Geist zu gezogen und in inn verwandlet.'

### 5.2.3 Die 'hermeneutiek' van die formulier

Hermeneuties is dit belangrik om daarop te let dat in die formulier nie gepoog word om die regmatigheid van die kinderdoop op grond van tekste te probeer bewys nie. Omdat die kinderdoop nòg gebied nòg verbied word in die Nuwe Testament, word die geldigheid van die kinderdoop op die soewereine genade en liefde van God gebou. Hierdie genade en liefde is nie beperk tot volwassenes alleen nie, maar is ook en is veral ook van toepassing op kinders. Daarom is die enigste 'bewysplaas' wat direk en volledig aangehaal word, Markus 10, waar dit handel oor die oplê van die hande op die kindertjies. Die feit wat hierdeur beklemtoon word, is dat God se liefde in Jesus ook die kinders raak. Die kinders is daarom aanneemlik by God en hulle kan die teken van sy genade (die doop) ontvang.

Hierdie teologisering lyk vir my legitiem en is 'n beter wyse om oor die kinderdoop te praat as om deur middel van tekste die kinderdoop te probeer bewys – dit geld ook vir die gesprek in ons tyd rondom die doop.

### 5.2.4 Die slotwoord

Kyk 'n mens na die vermaning aan die einde van die formulier is dit asof die skrywers opnuut wil beklemtoon dat die doop nie iets meer as 'n teken is nie. Vergelyk ons die aanhaling uit 1 Korintiërs 8 word dit opnuut duidelik dat die doop geen reddende krag besit nie. Nog minder kan die metode van doop bydra tot die verlossing van die mens. Die gemeente word weer op grond van die seëning van kindertjies deur Jesus, gemaan om die kinderdoop as teken van die liefde en die genade van God te aanvaar.

**Literatuurverwysings**

BAKHUIZEN VAN DEN BRINK, JN 1967, *Handboek der Kerkgeschiedenis,* Deel 3. Den Haag.

MILLER, A [s a]. *Church history*. London.

PFISTER, R 1948. *Zwingli – Hauptschriften*. Zürich: Zwingli Verlag.

PONT, AD 1984. Die kinderdoop en die verbond by die Rereformatore Zwingli en Bullinger: 'n Kort oorsig. *HTS* 40/3, 68–78.

SCHMIDT-CLAUSING, F 1965. *Zwingli*. Berlin.